*Donderdag* 15 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 17:11-19

Fokusgedeelte: Lukas 17:17 (AFR83/AFR2020)

God verwag dankbaarheid!

Skreiende ondankbaarheid! Dis wat dié verhaal besonder uitlig! Nege van die tien ag dit nie eers nodig om 'n paar minute af te staan om terug te gaan en die Here Jesus te dank, loof en prys vir sy magtige weldaad nie. Hy het hulle immers van die dood – die verskriklike marteldood van melaatsheid – gered!

Elke keer wanneer ek hierdie gedeelte lees, dwing ek myself om die volgende te antwoord: Dank ek die Here meer as wat ek sekere dinge van Hom vra? Gee ek aan die Here die eer wat Hom toekom, wanneer Hy aan my gee wat ek nie verdien nie?

Steek dit jou ook dwars in die krop wanneer jy goeie dinge vir mense doen en hulle nie eers die ordentlikheid het om dankie te sê nie? Jy maak vir jou gesin die heerlikste aandete, almal smul en eet te lekker, maar ma kry nie eers 'n dankie nie. Jy stap by die bank in, hou die deur vir die persoon agter jou oop, maar daar is geen reaksie nie. Jy gee vir iemand 'n geskenk met sy verjaarsdag, maar geen teken van dankbaarheid nie.

Wees eerlik – dit pla jou ook! Maar nou is die vraag: Waarom doen ons dit met die Here? Ons doen! Ons leef soms baie soos hierdie nege ondankbare melaatses! Ons smeek God, ons bid tot God, ons vra vir dinge – Hy antwoord, gee uitkoms, verander ons omstandighede, kom ons tegemoet, help ons, gee wat ons vra, maar dan vergeet ons skoon om vir Hom dankie te sê.

In 1 Tessalonisense 5:18 sê Paulus: *"Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag."* Dis God se wil vir ons! Ek en jy moet dankbare mense wees! In Psalm 110:4 sing ons: *"Gaan sy poorte binne met dankliedere, sy tempel met lofsange, dank Hom, prys sy Naam."*

Die oomblik toe die nege van Jesus gekry het wat hulle wou hê, het hulle van Hom vergeet. Hulle was gou om Here, Here te roep, maar dit was net holklinkende klanke sonder ware bedoeling of betekenis. Hulle het Hom nie werklik as Here erken en bely en liefgehad nie. My broer en suster, moet nooit soos die nege wees nie! Wees soos die een!

*Sing: Psalm 116-1:7, 10*

*Ds. CJ (Innes) Nagel (Louis Trichardt)*